Cambridge International AS Level

**Cambridge Assessment International Education**
Cambridge International Advanced Subsidiary Level

**AFRIKAANS LANGUAGE** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing **October/November 2019**

INSERT

**1 hour 45 minutes**

*4918589568-I*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

This Insert contains the reading passages for use with the Question Paper.

You may annotate this Insert and use the blank spaces for planning.
This Insert is **not** assessed by the Examiner.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Hierdie bylae bevat die leestekste wat saam met die vraestel gebruik moet word.

Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die spasies gebruik om jou antwoorde te beplan.
Hierdie bylae word **nie** deur die eksaminator nagesien **nie**.



DC (DH) 191681
© UCLES 2019

Cambridge Assessment International Education

[Turn over

**AFDELING 1**

Lees **Teks 1** en beantwoord dan **vrae 1**, **2** en **3** in jou vraestel.

**Teks 1**

## Bulletjierugby – ’n onding?

Bulletjierugby móét by alle skole verban word tensy dit reg bestuur word. Dit is die mening van biokinetikus, prof. Cilas Wilders.

Wilders meen ’n kind bereik ’n kritieke stadium van groei, tussen die ouderdomme van drie en vyf jaar. “Reeds in dié tyd word kinders aan bulletjierugby blootgestel. Die probleem hiermee is dat die basiese motoriese vaardighede in die meeste gevalle nié altyd in plek is nie en ook nie korrek hanteer word nie. Ouers, afrigters en onderwysers se onkunde oor kinders se fisiese ontwikkeling veroorsaak dat die regte vaardighede by die kind ontbreek.”

Volgens Wilders is die druk op skolesportvelde enorm. “Die fokus is heeltemal verkeerd. Wen en prestasie het ’n afgod geword en sport het verlore gegaan. Dit veroorsaak dat potensiële sportdeelnemers toeskouers word en nie meer deel het aan die terapeutiese waarde van sport nie.”

Dr. Mariette Swanepoel, ’n kollega van Wilders, sê die onvermoeë om op ’n vroeë ouderdom te presteer, het ’n enorme emosionele en sosiale impak op die kind. “Jy kry kinders wat op ’n jong ouderdom baie potensiaal in sport toon, maar dié wat eers later ontwikkel, dra dikwels die bordjie van mislukking en minderwaardigheid om hul nekke.”

“Jou opponent is nie die vyand nie,” volgens Wilders. “Gesonde kompetisie is eerder ’n hulpmiddel om tot jou volle potensiaal te ontwikkel. Ons sien soveel keer langs die rugbyveld dat ouers kinders op die veld aanmoedig om hul opponente te ‘vernietig’”. Soveel keer hoor ek: “Trap hom, boeta, straf hom, skryf hom af!” Oningeligte ouers en afrigters mis die punt. Dit is dikwels die ouers se onderliggende vrees dat wanneer hul kinders nie genoegsame blootstelling kry en goed op skool presteer nie, hulle nie eendag bo sal uitkom nie. Wilders meen dié druk om die beste te moet wees spoel oor na volwassenheid. “Dit is deesdae by vroue die norm om brandmaer te wees en by mans om baie gespierd te wees. Dit kan emosionele probleme veroorsaak.”

Wilders sê aan die ander kant het bulletjierugby die potensiaal om ’n waardevolle aktiwiteit te wees, maar dat dit tans sy doel mis. “Die oplossing is tweeledig. Bulletjierugby moet verban word indien dit nie in oorleg met kundiges soos sportwetenskaplikes aangebied word nie. Verder moet kinders meer speel en minder gedwing word om aan formele kompetisies deel te neem. Ons is besig om ons kinders dood te presteer.”

© UCLES 2019

## AFDELING 2

Lees **Teks 2** en beantwoord dan **vrae 4** en **5** in jou vraestel.

**Teks 2**

# Hoera vir sport!

Jongmense wat sport beoefen, is meer gedissiplineerd, gemotiveerd en het meer selfvertroue, wat vir hulle ŉ beter toekoms verseker. So het ’n groep Blou Bul-rugbyspelers gister aan leerlinge van ’n skool in Mamelodi gesê. Hulle het die skool besoek om leerlinge meer bewus te maak van die voordele van sport.

“Sport het my as kind uit die kwaad gehou,” het slot Cornell Hess gesê. “Dit hou jou besig en gee jou iets anders om op te fokus. Ek het nie altyd die nodige hulpbronne gehad om suksesvol op die sportveld te wees nie. Nadat ek ŉ sportbeurs gekry het van ’n skool, moes ek op my akademie en sport fokus om die beurs te behou.”

Volgens flank Arno Botha gee sport hom die selfvertroue om voor mense te praat en hulle te motiveer om hul drome na te jaag. “Wanneer jy sport beoefen, is jy onmiddellik in ’n gesonde omgewing en omring deur mense wat wíl werk.”

Legendariese Blou Bul-vleuel John Mametsa het die leerlinge ook toegespreek. “Sport leer jongmense deugde, soos dissipline en verantwoordelikheid, wat hulle in ander fasette van hul lewens kan toepas. Solank jou hart in die ding is, sal jy sukses behaal.”

“Aktiewe kinders is slimmer kinders,” sê Christine Nel, ’n sportafrigter van Durbanville. Dit is nie ’n geheim dat sport kinders sterk en gesond maak nie. Maar wat ouers nie altyd besef nie, is dat slim kinders op skool kan sukkel om hul potensiaal te bereik as hulle swak spiere het.

Volgens haar is daar belangrike lesse om uit sport te leer:

**1** ŉ Positiewe selfbeeld: Die vaardige afrigter en ouer sal sorg dat kinders hulle teen hulself meet en goed voel oor hulle eie vordering.

**2** Aanhouer wen: Kinders leer dat toegewyde oefening oor ’n langer tydperk vrugte afwerp.

**3** Volharding: Om met grasie te verloor, leer jou om aan te hou en volgende keer harder te probeer. Wen is nie alles nie.

**4** Sosiale vaardighede: ’n Span wat bestaan uit uiteenlopende individue met verskillende sterk punte verskaf die ideale omgewing om vriende te maak.

**5** Konsentrasie: Sport leer kinders fokus, wat ’n positiewe uitwerking op akademie het.

**6** Opbouende kritiek: Positiewe opmerkings help kinders om beter te presteer.

Sport laat jou toe om jou vlerke te sprei!

© UCLES 2019

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.